**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**BYBELKUNDE HG**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 400**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord VYF vrae.
- Vraag 1 (Afdeling A) is VERPLIGTEND. Al die onderafdelings van hierdie vraag moet beantwoord word.
- Beantwoord TWEE vrae uit Afdeling B en TWEE vrae uit Afdeling C.
- Die lengte van jou antwoorde moet in ooreenstemming wees met die punte wat aan elke vraag toegeken word.

AFDELING A
**VERPLIGTEND**

**VRAAG 1**
**KORTVRAE**

Vrae 1.1 tot 1.13 is kortvrae. Skryf die nommer van elke vraag (asook die nommers van die onderafdelings) in jou **antwoordboek** neer en skryf jou antwoord langs elke vraagnommer neer.

1.1 Gee die betekenis van die volgende woorde of name:

1.1.1 Metanoia
1.1.2 Ekklesia
1.1.3 Koinonia
1.1.4 Sakrament
1.1.5 Jesus 5 x 2 = (10)

1.2 Gee die name van die persone na wie die volgende stellings verwys:

1.2.1 Sy naam beteken **rots**.
1.2.2 Hy word as mede-outeur genoem van die brief aan die Filippense.
1.2.3 Hy was Petrus se sekretaris.
1.2.4 Hy was Markus se neef. 4 x 2 = (8)

1.3 Pas een van Paulus se briewe in **Kolom A** by die gepaste tema in **Kolom B** deur slegs die nommer en die regte simbool neer te skryf, bv. 1.3.8 – h.

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Filippense | a. | regverdiging deur geloof alleen |
| 1.3.2 | Romeine | b. | blydskap in die Here |
| 1.3.3 | Efesiërs | c. | vrae oor die wederkoms |
| 1.3.4 | Kolossense | d. | pligte van groepe in die gemeente |
| 1.3.5 | I & II Tessalonisense | e. | die kerk is die liggaam van Christus |
| 1.3.6 | Titus | f. | waarsku teen dwaalleringe |
| 1.3.7 | Filemon | g. | Onesimus terug te neem |

7x2= (14)

1.4 Hoeveel boeke in die Nuwe Testament is

1.4.1 evangelies?
1.4.2 algemene briewe?
1.4.3 Pauliniese briewe?
1.4.4 apokaliptiese geskrifte? 4 x 2 = (8)

1.5 Voltooi die volgende aanhaling:

"Gaan en maak 1.5.1__________van al die nasies, doop hulle in die naam van die 1.5.2 __________en die 1.5.3 _________ en die 1.5.4 _________" (Matt 28:19)
4 x 2 = (8)

1.6 Verduidelik kortliks die onderstaande apokaliptiese simbole wat in die boek Openbaring voorkom:

1.6.1 Lam
1.6.2 Swart kleur
1.6.3 Getal drie
1.6.4 Getal veertig 4 x 2 = (8)

1.7 Noem VIER van die gemeentes aan wie Johannes in die boek Openbaring skryf.
4 x 2 = (8)

1.8 Verduidelik die verskil tussen **algemene openbaring** en **besondere openbaring**. (Openbaring 2 – 3) 2 x 2 = (4)

1.9 Deur wie word God die duidelikste aan ons geopenbaar? (2)

1.10 Wie het 'n brief aan Gajus geskryf? (2)

1.11 In watter twee boeke van die Bybel verskyn die Ons Vader-gebed? 2 x 2 = (4)

1.12 Watter gesindheid is nodig by die oortreder om te kan vergewe? (2)

1.13 Wat beteken die woord "amen"? (2)

**TOTAAL VIR AFDELING A: [80]**

AFDELING B
## INLEIDING TOT DIE NUWE TESTAMENT

- Beantwoord TWEE vrae uit hierdie afdeling.
- Beantwoord al die onderafdelings van die vrae wat jy kies.

### VRAAG 2

2.1 Skryf aantekeninge oor die Evangelie volgens Lukas onder die volgende opskrifte:

2.1.1 Gebed speel ? belangrike rol in Lukas se evangelie. (16)

2.1.2 Lukas verwys na meer mediese aangeleenthede as enige van die ander evangelieskrywers. (14)

2.2 Waarom is Paulus se briewe nog van waarde vir Christene in hierdie moderne wêreld? (14)

2.3 Bespreek die inhoud van die Algemene Brief van Jakobus en gee redes waarom Martin Luther dit ? "epistel van strooi" genoem het. (20)

2.4 Bespreek die outeurskap van die Algemene Brief van Judas. (16)

**[80]**

### VRAAG 3

3.1 Hoe gebruik Johannes die woord **Logos** in sy evangelie om sy denke oor te dra aan beide Jood en Griek? (18)

3.2 Die temas van die brief aan die Filippense sluit in nederigheid, eenheid en blydskap. Maak gebruik van die drie temas en sê watter boodskap dit vir Christene inhou. (16)

3.3 Aan wie het Johannes sy drie Algemene Briewe gerig? Verduidelik volledig. (6)

3.4 Skryf aantekeninge oor net TWEE van die volgende dwaalleringe.

3.4.1 Gnostici
3.4.2 Judaïseerders
3.4.3 Antinomiane (40)

**[80]**

## VRAAG 4

4.1 Bespreek die verskille tussen die Sinoptiese Evangelies en die Evangelie volgens Johannes. (26)

4.2 Verduidelik die rol wat Epafroditus speel in die lewe van Paulus en ook Paulus se houding teenoor hom. (16)

4.3 Die Algemene Brief van Jakobus gee aan ons ? duidelike beeld van die vroeë Christelike gemeenskap. Noem VIER uitstaande kenmerke van die vroeë kerk. (8)

4.4 Bespreek die boek Openbaring as ? profeties-apokaliptiese geskrif. (30)

**[80]**

## VRAAG 5

5.1 "Die *Sinoptiese vraagstuk* het ontstaan uit die vraag waarom die drie Sinoptiese Evangelies so eenders is as hulle onafhanklik van mekaar geskryf was." Verduidelik hierdie stelling. (20)

5.2 Een kenmerk van Lukas se Evangelie is dat hierdie evangelie universeel is. Bespreek hierdie kenmerk deeglik. (24)

5.3 Verduidelik die argumente van die spotters oor die eskatologiese verwagtinge van die Christene en hoe Petrus dit weerlê het (2 Pet. 3). (20)

5.4 Wat is die doel van die boek Openbaring? (16)

**[80]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [160]**

AFDELING C

## DIE BYBELSE GRONDSLAG VIR DIE CHRISTELIKE GELOOF EN LEWE

- Beantwoord TWEE vrae uit hierdie afdeling.
- Beantwoord al die onderafdelings van die vrae wat jy kies.

### VRAAG 6

6.1 Verduidelik die Christen se geloof in God as die Skepper van die ganse heelal. (14)

6.2 Bespreek God se verhouding met die mens wat in sonde verval het. (12)

6.3 Watter betekenis het die besondere verhouding tussen Jesus en God vir die Christen? (20)

6.4 Wat leer die Bybel ons oor gebed in afsondering en in die openbaar? (14)

6.5 Jesus het gesê: “Ek het nie gekom om hulle (die Tien Gebooie) ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry” Bespreek dié stelling. (20)

**[80]**

### VRAAG 7

7.1 Bespreek die verskillende name van God in die Ou Testament. (22)

7.2 Skryf aantekeninge oor die Christen se geloof in die Wederkoms van Jesus Christus deur in die besonder te verwys na die doel daarvan en wanneer dit sal plaasvind. (20)

7.3 In die Algemene Brief van Jakobus word daar gesê dat gebed in geloof en in gehoorsaamheid baie krag het. Wat beteken dit? (12)

7.4 Bespreek volledig die implikasies van die tweede gebod: “Jy mag nie 'n beeld of enige afbeelding maak nie…”.
Konsentreer veral op die redes waarom dié gebod deur die Christen nagekom moet word. (26)

**[80]**

## VRAAG 8

8.1 Hoe vervul die Heilige Gees die dubbele rol van Trooster en Meester? (18)

8.2 Filippense 2:9 lui: “Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die naam gegee wat bo elke naam is”.
Bespreek hierdie verheerliking van Christus met verwysing na Sy hemelvaart en die beloftes wat daardeur vervul is. (20)

8.3 Skryf die Ons Vader-gebed volledig neer soos dit in die Evangelie volgens Matteus gevind word. (20)

8.4 Die negende gebod, "Jy mag nie vals getuienis gee nie", beskerm die regte van jou naaste. Verduidelik. (22)
**[80]**

## VRAAG 9

9.1 Die kern van die Christelike geloof word in die Bybel vervat. Bespreek. (20)

9.2 Verduidelik die verskil tussen “geloof in God” en “geloof dat God bestaan”. (10)

9.3 Watter houding moet die kerk inneem teenoor mense wat Vigs het? (12)

9.4 “Die Heilige Gees is die bewerker van geloof in die vergewing van sondes”. Verduidelik. (16)

9.5 Wat verwag ? Christen in die ewige lewe? (14)

9.6 Verduidelik Jesus se samevatting van die Tien Gebooie. (Matteus 22:37– 40) (8)
**[80]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [160]**

**TOTAAL: 400**

**EINDE**